

3 Julie

Skrifgedeelte: Klaagliedere 5
Fokusgedeelte: DL, 3/4:12

God bekeer my, sodat ek my kan bekeer

Die Bybel sê dat geloof 'n gawe van God is, en tog is die Bybel ook vol opdragte dat ons moet glo. Die Bybel sê dat dit onmoontlik vir die mens is om hom self te bekeer, en tog is die Bybel vol opdragte dat ons ons moet bekeer. Hoe moet ons dit verstaan?

Al is geloof 'n gawe van God is dit nog ek wat moet glo en nie God nie. Al is bekering God se werk in my is dit nog ek wat my moet bekeer. Daarom bid die digter so mooi in vers 21: "Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees ..."

Om dié rede bely ons dat die wedergeboorte iets is "wat God sonder ons in ons werk". Maar ons bely ook: "Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat Hy ontvang het, glo en hom bekeer." Bekering is dus een honderd persent iets wat God in my moet doen, maar dit is ook een honderd persent my verantwoordelikheid om my te bekeer.

Daarom gaan mense wat hulle nie bekeer nie verlore. Hulle het nie die opdrag om hulle te bekeer nagekom nie. Daarom bid ware gelowiges gereeld: "Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees ...". Dit is die mens se verantwoordelikheid om hom te bekeer en dit is die mens se eie skuld dat hy hom nie self kan bekeer nie. Gelowiges besef dus hoe 'n groot genade dit is dat God hulle bekeer dat hulle bekeer kan wees, want sonder Hom kan hulle dit nie doen nie!

Omdat ek dankbaar is dat God my bekeer, moet ek my elke dag bekeer!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~